WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!
11 FEBRUARIE 2018

ng kerk weltevreden
lewe vir die stad

Belangrike datums

14 Februarie	Aswoensdag Kapel 19:00
18 Februarie	Visiesondag
18 Februarie	Nagmaal
23 Februarie	KIX-speletjiesaand 18:30
25 Februarie	Gesinsdiens 08:00 & 10:00

Eredienste vandag

Kerk 08:00 & 10:00
Ds Kobus Sandenbergh
KIX-kerk 08:00 & 10:00
Dr Neil du Plessis
Kapel 10:00
Ds Hettie Wessels
Kerk 17:30 (S1 CD-bekendstelling)
Ds Ferreira Marais

Eredienste 18 Februarie

Kerk 08:00 & 10:00 (Nagmaal)
Ds Hettie Wessels
KIX-kerk 08:00 & 10:00
Ds Ferreira Marais
Kapel 10:00 (Nagmaal)
Ds Kobus Sandenbergh
Kerk 17:30 (Nagmaal)
Dr Neil du Plessis

SENIORS

Silwerhoekie
Ons pak uit vir die Jumble Sale vanaf 9:00. Ons gaan ook luister na die musiekkeuse van ons verjaardagmaats voordat ons tee drink. Groep B is verantwoordelik vir die verversings.

Bybelstudies (tydens skoolkwartale)
Dinsdae

- Wilgeheuwel Aftreeoord: Elke 1ste en 3de Dinsdag van die maand om 15:00 in die gemeenskapsaal.
  Navrae: Dr Theo Marais (082 570 0769) of Les Fischer (082 689 8318).

Woensdae

- Seniors: Elke Woensdag om 9:00 in die Koffiewinkel.
  Navrae: Dr Willem Saunderson (083 657 9828)
- Harveston Aftreeoord: Elke 2de en 4de Woensdag van die maand om 15:00.
  Navrae: Ds Kobus Sandenbergh (082 451 1671)

Donderdae

- Jakaranda Aftreeoord: Elke 1ste en 3de Donderdag van die maand om 15:00 in die gemeenskapsaal.
  Navrae: Ds Hettie Wessels (083 254 6833) of Piet Pretorius (072 502 8009)

JONGWERKENDES

Die Sewe30's Groeigroep kom Woensdae in die Koffiewinkel bymekaar. Vir meer inligting kontak Johandie by 7dertig@gmail.com of 083 393 0707 of Ds Ferreira Marais by 072 804 0621.

JEUG

KIX: Kleuterkerk (3-6 jaar) in A6
08:00 & 10:00
KIX-kerk (Gr 1 – 6)
08:00 – 09:20
10:00 – 11:20
KIX: 10:00 Engelse klas vir Gr 1 – 6 in K4

KIX KERK
kinders in christus kerk

Jonk-X (Gr 7 – 11)
18:30
JonkX: 08:00 Dubbelmedium groep in K4

JONK X

Kontak Ilze de Villiers (Muggie) by 082 789 0621 of jeug@ngweltevreden.co.za vir meer inligting.

LIEF EN LEED

Indien u van enige lidmaat weet wat deur 'n moeilike tyd gaan of siek is, kontak gerus die kerkkantoor of die Leraar aan diens.

Diensleraar
Ds Kobus Sandenbergh 082 451 1671

Direkteur van Versorging (M.Soc. Sc in Maatskaplike Werk)
Alda Boer SMS 083 261 2700

Barnabas diensbeurt
Erika Steyn 082 855 9100

Voorbidding word gevra vir:
Langtermynversorging

- Gené Brits ontvang behandeling vir Devic's Sindroom en is in die Flora Kliniek opgeneem. Haar ma, Renette, se nommer is 083 232 5837.
- Joey en Mike Havenga se broer, Zeeman Botha ontvang bestraling. Mike se nommer is 072 579 9014.
- Darius Botha se toestand het verswak. Sy vrou Karin se nommer is 082 941 4582 en Darius se nommer is 061 415 1061.
- Renske Louw sukkel met haar gesondheid. Haar nommer is 083 627 4004.
- Tannie Susan Jordaan sukkel met haar gesondheid. Oom Jorrie se nommer is 082 312 6926.
- Johan Eloff sukkel met sy gesondheid. Sy nommer is 072 387 9337.
- Oom Ernst de Vries is oorgeplaas na 'n rehabilitasiesentrum. Hy kry ook gereeld dialise. Sy nommer is 082 346 2536.
- Nadine de Klerk sukkel met haar gesondheid en kry drie-dubbele chemoterapie en het ook met bestraling begin. Haar nommer is 082 773 0822.
- Marius van Niekerk ontvang behandeling. Marius se nommer is 083 554 7752. Sy broer, Jan wat 'n sendeling in Mosambiek is, is ook gediagnoseer met Melanoomkanker.
- Willie Visagie is gediagnoseer met kanker en het begin met behandeling. Sy nommer is 082 340 4078.
- Tannie Bettie Puts sukkel met haar gesondheid. Haar nommer is 010 596 7323.

Ander

- Annemarie Bateman se pa is oorgeplaas na 'n step-down fasiliteit. Haar nommer is 072 345 9510.
- Rhoda Horn is in die Sunninghill Hospitaal. Haar dogter Ronel se nr is 083 325 3737.
- Sam Jansen herstel na 'n operasie. Sy nommer is 084 567 2513.
- Wanda Tait se hand is geopereer. Haar nommer is 082 332 7029.

**Ons nooi jou uit om vir iemand op die Lief en Leed lysie te bid.*

ELEKTRONIESE BETALINGS

Rekeningnaam: NG Weltevreden
Bank: ABSA Clearwater
Takkode: 632005
Reknr: 7 3058 0460
Verwysing: Voorletters+Van+Waarvoor

www.GetSnapScan.com
ng kerk weltevreden

Snapscan
Gebruik SnapScan vir:

- Kollekte
- Dankoffers
- Dankfees, ens.

****Vir jou gerief is die debietordervorm op die webwerf gelaai.***

GROEIGROEPE EN BYBELSTUDIES

Indien enige iemand sou belangstel om by 'n Groeigroep of Bybelstudie in te skakel, kontak asb vir Ds Hettie Wessels by 083 254 6833 of hettie@ngweltevreden.co.za.

Ons het 'n nuwe selgroepleier, indien jy by 'n nuwe groep wil aansluit, kontak asb vir Ds Hettie.

Woensdae

- 05:30 vir mans in A1. Dr Neil du Plessis 082 346 5238
- 05:45 vir mans by Ds Kobus Sandenbergh 082 451 1671

Donderdae

- 08:00 vir vroue in die Koffiewinkel. Ds Hettie Wessels 083 254 6833
- 18:30 Donderdag-kafee vir alle ouderdomme in die Koffiewinkel. Ds Kobus Sandenbergh 082 451 1671

Saterdae

- 07:00 vir mans in A1. George Louw 082 491 5313

WAT IS NUUS?

Ons het jou nodig!

Die basaar vind plaas op Woensdag 21 Maart en ons benodig skenkings, donasies, hulp met voorbereidings asook op die dag, handwerk, gebak, poeding, items vir die witolifanttafel asook klere en items vir ons "vintage bazaar" stalletjie en meer.

Kontak asb vir Ds Hettie as jy wil help, items kan by die kerkkantoor afgegee word, duidelik gemerk dat dit vir die basaar is.

Kom speel saam!

KIX-speletjiesaand vind plaas op Vrydag 23 Februarie om 18:30 in die saal. Alle Graad 1 – 6'e is baie welkom!

Mosambiekuitreik 2018!

Ons jaarlikese uitreik vind hierdie jaar plaas vanaf 27 April tot 5 Mei 2018.
Kom:

- bou 'n kerk en 'n klimraam of wees deel van vroue en kinder bedieninge,
- wys die JESUS-film en word ook deel van die cashew-projek,
- wandel in die woord, "Praise en Worship" en word diep vriende, alles met 'n verwagting en kom vervul terug!

Alle hande en voete, jonk en oud is baie welkom. Kontak vir Henk Myburgh by 083 444 3925 of henk71@absamail.co.za.

Silwerhoekie Jumble Sale

Is jy besig om reg te pak, te sorteer en uit te gooi? Bring asseblief alle klere, skoene, beddegoed, linne, kombuisware, speelgoed ens. wat jy nie meer nodig het nie (maar wat steeds gebruik kan word) na die kerkkantoor. Die Silwerhoekie hou op **3 Maart** 'n Jumble sale en ons waardeer alle artikels wat in 'n bruikbare toestand is.

Kategese registrasie

Registreer jou kind vir Kleuterkerk, KIX-kerk en JonkX aanlyn op ons webwerf by www.ngweltevreden.co.za.
Kostes:
R200 per kind
R400 vir 2 kinders
R500 vir 3 kinders
R600 vir 4 kinders

KIX KERK kinders in christus kerk
JONKX

Gelde kan nog tot einde Maart inbetaal word by groepleiers of by Ilze, ons Jeug-

koördineerder. EFT's is welkom, gebruik asb as verwysing Kleuter/KIX/JonkX + kind se naam + graad.

GEMEENTEBRIEF
Februarie 2018

En so is dit Februarie… sommer met net 'n oogknip is Januarie verby. Alles is weer volstoom aan die gang, asof daar nooit 'n blaaskans was nie. Die jaar het met 'n spoed begin en die gemeente is gerat om by te bly. Meer nog: die gemeente is gerat om jou rusplek, jou hawe, jou afpakplek en jou tuiste te wees in 'n dolle wêreld. Ons wil vir jou tyd teruggee en jou help bybly in 2018.

Ons skop die jaar af met 'n preekreeks "Geroep vir 'n tyd soos hierdie", in al die fasette van jou lewe – in jou huis, by jou werk, in jou vriendekring en daar waar jy nie wil wees nie. Ons wil jou help om Christelike gewoontes uit te leef, die lewe saam met jou vier, jou moed gee en jou help om God daagliks op onverwagse plekke raak te sien.

Ons is opgewonde oor wat besig is om in die gemeente te gebeur. Ons het tot op hede 567 kinders in die KIX-kerk en 150 in JONKX. Meer as 40 jong werkendes het saam gebraai. Ons het reeds begin met ons gesinsdienste en die volgende een is 25 Februarie; moet dit nie misloop nie. S1, Ds Ferreira se band, stel op 11 Februarie om 17:30 tydens die aanddiens hulle CD bekend. Dit lyk of die jeug reg is vir groot dinge.

18 Februarie is VISIE-Sondag. Ons gaan saam opgewonde raak oor "Lewe vir die Stad" en wat dit vir ons almal inhou. By dié geleentheid vier ons ook nagmaal by al die dienste. As-Woensdag is op 14 Februarie, die dag van die liefde. Daar was nog nooit 'n groter liefdesdaad as juis Jesus se lyding vir ons nie. Ons kom om 19:00 in die kapel bymekaar om die lydenstyd saam te begin. Die eerste kerkraadsvergadering vind op die 22ste Februarie plaas.

My gebed vir jou in hierdie maand van die liefde is 2 Tessalonisense 3:5:

Mag die Here julle gedagtes rig op die liefde van God en die volharding van Christus!

Ek lees in een van my boeke die volgende woorde: "Jy is net een goeie keuse weg van die pad van volharding. Maar maak nie saak hoe ver jy van die pad af is nie of hoe lank jy al op die verkeerde pad is nie, God wag geduldig en Hy is eindeloos lief vir jou – want jy is sy kind". Dit is wat ek vir jou bid vir hierdie maand en hierdie jaar. Goeie keuses, wat jou nader sal bring aan waar jy wil wees. Dat jou keuses jou drome sal laat waar word. Dat God jou gedagtes so sal aanraak dat jy deur die genade en liefde van God gedring sal word. Dat die keuses wat jy maak jou weer gesond sal maak, dat dit jou verhoudings sal laat groei, dat jy tevrede sal wees en dat jy sal beleef dat jy genoeg is en genoeg het.

Jy is geroep vir 'n tyd soos hierdie, jou hierwees en jou deelwees is nie toevallig nie. Mag jy toelaat dat God jou gebruik. Mag NG Weltevreden, jou geloofs-gemeenskap, jou sagte tuiskoms wees en mag ons saam ons gedagtes rig op God se liefde.

Groete, genade en vrede vir jou!

Hettie Wessels
Spanleier en Gemeentewees